



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# Korpussamestelling van veeltalige selfoonvakwoordeboek

Michele van der Merwe en Esmaré van der Merwe





- Inleiding en navorsingsprobleem (Michele)
- Navorsingsmetodologie
- Korpussamestelling vir MobiLex
- Opstel van woordeboekwiki
- Suid-Afrika se taalsituasie (Esmaré)
- Taalopvoedingkorpus vir MobiLex
- Die uniekheid van MobiLex in die Suid-Afrikaanse konteks
- Die werkswyse
- Die resultate
- Slot



Die aanbieding het as onderwerp die **samestelling van 'n veeltalige selfoonvakwoordeboek**, met spesifieke verwysing na **korpusamestelling** gebruik tydens die woordeboekproses. In die totstandkoming van 'n veeltalige selfoonvakwoordeboek verken ons korpusamestelling in 'n **ewig-veranderende tegnologiese omgewing**.

In die literatuurstudie word tradisionele, e-leksikografiese, asook minder konvensionele korpusamestellingsmetodes beskryf.

Die **minder konvensionele bron** verwys onder andere na die opstel van 'n woordeboek deur middel van 'n wiki deur teikengebruikers.



**Neigings en ontwikkelings in tegnologie** bied die geleentheid vir **voortdurende verandering in leksikografie**, ook betreffende die samestelling van vakwoordeboeke. Dit is ook waar ons wil aansluit by die tema van die kollokwium, naamlik 'n beskrywing van die beplanning van woordeskat tydens die samestelling van 'n selfoonvakwoordeboek.

Bergenholtz and Bothma (2011: 60,61) beskryf verskeie **e-inligtingshulpbronne** en kom tot die gevolgtrekking dat papierprodukte nie aan verskeidenheid inligtingsbehoefte van die gebruikers kan voldoen nie, maar dat moderne informasietegnologie baie beter in hierdie behoeftes voorsien.

Moderne informasietegnologie verwys in ons geval na die samestelling van 'n **woordeboekwiki**.



## Inleiding en navorsingsprobleem

---



Die **hoofnavorsingsvraag** in die aanbieding verwys na die **versameling van vakverwante terminologie** vir die vakgebied **taalopvoeding**. Die navorsingsmetode wat in die ondersoek gevolg word, is 'n **gedetailleerde analise** van 'n enkele kwessie teëgekomp tydens die samestelling van MobiLex, 'n vakwoordeboek vir universiteitstudente in Opvoedkunde.

Tydens die samestelling van MobiLex was een van die belangrikste besluite die **saamstel van 'n korpus** vir die woordeboek. Die **teikengebruikers** van die vakwoordeboek is geïdentifiseer as voorgraadse studente in die Fakulteit Opvoedkunde aan Stellenbosch Universiteit.

Die doelwit van die woordeboek is om **vakkundige ondersteuning** aan studente met die verklaring van vakkonsepte **in die moedertaal** aan te bied, asook **vertaling** van vakkundige terminologie in die ander amptelike tale van die provinsie, naamlik Xhosa en Engels.



Die **korpus**, om die teikengebruiker in ag te neem, moes dus fokus op die **vakkundige konsepverklarings- en vertalingsbehoefte**s van voorgraadse studente.

Die hoofprobleem was dus om vas te stel watter terminologie **relevant** en noodsaaklik is vir korpusopname om aan die gebruikersbehoefte te voldoen, en dan ook spesifiek vir **taalopvoeding**.

Die vasstelling van relevante lemma-kandidate vir opname in die korpus is op twee beginsels gebaseer, naamlik die kurrikulumspesifieke **vakkennis** van dosente aan die Fakulteit van Opvoedkunde en die **versamelde terme** deur derdejaar Onderwysstudente.

Die versamelde terme deur Onderwysstudente vorm deel van 'n **woordeboekwikiprojek**. Vir die doel van die studie word 'n dokumentanalise onderneem om 'n vergelyking te tref tussen die korpus saamgestel deur vakdosente en die sogenaamde korpus saamgestel deur **Onderwysstudente**.



MobiLex is 'n pasgemaakte selfoonwoordeboek vir voorgraadse studente, in ooreenstemming met die idee van “gebruikersperspektief” waar die **gebruiker die fokus in die woordeboekproses** uitmaak, soos deur Wiegand (1989) beskryf. Bergenholtz, Nielsen en Tarp (2009:9) voer aan dat elektroniese woordeboeke funksiegebaseerde leksikografiese teorieë ondersteun wat sentreer om **woordeboeke en woordeboekgebruikers**. Die uitsluitlike doel van sulke woordeboeke is om aan die gebruiker se verlangde funksies te voldoen.

Daarom het die selfoonwoordeboek, benewens die vertaling van vakterminologie ook betekenisverklarings in Afrikaans, Engels en Xhosa.


Die aanbieding sal aantoon hoe die **korpussamestelling** vir spesifiek die vakgebied **taalopvoeding** gedoen word ten einde woordeboekgebruikers en hulle **behoefte**s te akkommodeer.



## Video: gebruik van MobiLex



<http://www0.sun.ac.za/mobilex>







- Navorsing word onderneem in die vorm van 'n **kleinskaal empiriese studie** (Punch en Oancea, 2014: 47) waarvolgens navorsers die geleentheid kry om 'n in-diepte studie met 'n klein navorsingsgroep uit te voer. Veral in die veld van Opvoedkunde is daar 'n beter begrip vir die rol en belang van 'n kleinskaal navorsingsprojek, byvoorbeeld waar dosente (onderwysers) empiriese navorsing in lesingsale (klaskamers) doen. Navorsing vind binne 'n **interpretatiewe raamwerk** plaas, waar gekonsentreer word op die betekenis wat mense aan situasies en gedrag verskaf en wat hulle gebruik om hulle wêreld te verstaan. (Punch en Oancea, 2014: 18).
- Die studie word as **kleinskaal beskou**, aangesien 42 studente aan die wikiwoordeboekprojek deelgeneem het. Die groep bestaan uit derdejaar studente wat Afrikaans Onderwys as **hoofvak** neem. Navorsing is oor twee jaar onderneem en twee jaargroepe het aan die projek deelgeneem.



Cubillo (2002:206) beskryf eksperimentele navorsing in woordeboekgebruik en die woordeboekbehoefte van **eerstejaar vreemdetaal-chemiestudente** met die opstel van 'n vakwoordeboek. Dié groep van 85 studente het opdrag ontvang om 'n woordeboek volgens hulle **eie behoeftes** saam te stel. Hulle kon van **tekste** gebruik maak waarna hulle tydens die kursus verwys. Die doelwitte van die projek was tweeledig vir studente, naamlik om vakwoordeskat vir hulle finale eksamen te **hersien** en om terselfdertyd hulleself te vergewis van **woordeboeke en die mikro- en makrostruktuur van woordeboeke.**



Cubillo (2002:221) ontdek interessantheide rakende die woordeboekkeuse van studente. Studente moes twee keuses maak: die een rakende die keuse vir eentalige of tweetalige woordeboeke of beide, en die ander rakende die gebruik van vakwoordeboeke. Studente het verkies om **tweetalige woordeboeke** te gebruik en soms het hulle van **vakwoordeboeke** gebruik gemaak. Volgens Cubillo (2002:222) berus die besluit om van vakwoordeboeke gebruik te maak nie soseer op die soektype kriteria nie, maar op die **bewustheid van watter leksikale items tot die vakgebied behoort**. Alhoewel al die brontekste 'n mate van spesialisasie toon, het die meerderheid studente **nie** vakwoordeboeke gebruik om inligting te bekom nie.



## Opstel van 'n woordeboekwiki



- Ons studie vir die opstel van 'n vakwoordeboekwiki toon ooreenkomste, maar ook etlike verskille van bogenoemde eksperiment deur Cubillo beskryf. Die opstel van 'n **vakwoordeboek deur middel van 'n wiki** is 'n opdrag wat deel vorm van die module Afrikaans Onderwys, spesifiek in Afrikaanse taalkunde-onderrig. Dit is ouer, meer gevorderde studente wat aan die woordeboekwikiprojek deelneem, hulle is Afrikaans **moedertaalsprekers** en neem Afrikaans Onderwys as 'n hoofvak. Die opdrag lui as volg:
- “Stel 'n eentalige vakwoordeboek met vakterme saam vir eie gebruik in Afrikaans Onderwys.
- Woordeboekartikels moet verslag lewer van: lemma, woordsoort, betekenis van begrip, voorbeeldsin.
- Die woordeboek is in wiki-formaat en word op SUNLearn gelaai.”
- Die doelwit met die opdrag is tweeledig, naamlik 'n **kurrikulumgerigte proses om vakwoordeskat van Afrikaans Onderwysstudente te verbeter**, asook om **beter retensie** van vakterminologie te **bewerkstellig**.



**Opvoedkundige vakkennis** speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van **onderwyservakkundigheid en onderwyserspesialisasie**. Schulman (1986: 9) definieer opvoedkundige vakkennis as: “die bruikbaarste weergawe van idees, die kragtigste analogieë, illustrasies, voorbeelde, verduidelikings en demonstrasies deur middel van woorde, die weergawes en formulering van 'n vak om dit verstaanbaar aan ander te maak. Deur slegs op die betekenisverklaring van opvoedkundige vakkennis te let, kan die afleiding gemaak word dat **vaardighede** wat met die saamstel van 'n vakwoordeboek geoefen word, naamlik **weergawe van idees, verskaf van voorbeelde, verduidelikings en formulering van terminologie** die akademiese en kognitiewe vaardighede van Onderwysstudente kan **verhoog**. Opvoedkundige vakkennis verwys ook na die vakkennis wat 'n onderwyser moet kan interpreteer en transformeer om die **leerproses te fasiliteer**.



Volgens Schulman (1987: 8) verteenwoordig **opvoedkundige vakkennis** die vervlegting van **inhoud en opvoedkunde** tot 'n begrip van hoe spesifieke onderwerpe, probleme of kwessies georganiseer, weergegee en aangepas word tot die diverse belangstellings en vermoë van leerders, asook hoe dit aangebied word vir onderrig. Met die saamstel van 'n vakwoordeboek word die vaardighede van Onderwysstudente geoefen in die vervlegting van inhoud en opvoedkunde, met die keuse om **terminologie te organiseer, weer te gee en aan te pas tot die vlak en vermoë van die portuurgroep.**



Vakkennis in verband met **formele aspekte van taal** is in ooreenstemming met die vaardighede benodig vir die onderrig vir **taalstrukture en taalkonvensies deur taalonderwysers**, asook **onderrigmateriaal** wat deur hulle gegeneraar behoort te word. Die vakkennis sluit onder andere kennis van die taal se woordeskat, teksstruktuur, sinsformulering en kohesie in. Met die skryf van 'n vakwoordeboekwiki word studente se **woordeskatvaardighede**, teksstruktuur, sinsformulering en selfs kohesie binne betekenisverklarings ingeoefen.



In SA word ongeveer 25 tale gepraat, waarvan **11 amptelike** status het. (Departement van Kuns en Kultuur 2002) Die Suid-Afrikaanse regering ondersteun en moedig inisiatiewe aan om 'n werklik veeltalige gemeenskap daar te stel en besef die belangrikheid wat taalverwerkingstechnologie in die oorbrugging van die probleme van 'n veeltalige land kan speel. Daarom het die regering in 2009 'n **taalverwerkingstechnologie-oudit** aangevra. Die oudit is in 2011 deur Grover, Van Huyssteen, Pretorius gepubliseer.

Die Suid-Afrikaanse taalsituasie maak dit moeilik om bestaande taalverwerkingstechnologie van **Europa** net so te gebruik.






### Redes hiervoor is:

- die **hoeveelheid** amptelike tale (11),
- die verskil in **gebruiksfrekwensie** in die publieke domein,
- die **geografiese konsentrasie** van kundiges wat resulteer daarin dat hulle slegs werk met die tale wat rondom hulle gepraat word
- en die feit dat **Afrikatale** linguisties geen raakpunt met Europese tale het nie en dus van onder af sal moet begin.



# Suid-Afrika se taalsituasie





Om by hierdie unieke situasie aan te pas, is Krauwer se maklik aanpasbare **Blark-model** gebruik vir die oudit. Die resultaat was nie 'n verrassing nie.

Grover, Van Huyssteen en Pretorius se oudit het getoon dat daar **baie min taalverwerkingstechnologie** beskikbaar vir enige van die 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale en dat veral die vier tale wat die kleinste getal sprekers het, baie ver agter is. **Afrikaans** en **Suid-Afrikaanse Engels** is die meeste ontwikkel. Daar lê dus baie werk voor.

Met hierdie agtergrond in gedagte, volg nou 'n bespreking van hoe ons die samestelling van die taalopvoedingvakgebied vir die selfoonwoordeboek **MobiLex** gedoen het.



Dit is aanvaarde praktyk dat dataversameling en korpussamestelling elektronies gedoen word. (Kupietz 2016:63)(Glaznieks 2014:6) Die dataversameling en korpussamestelling vir MobiLex in die algemeen en spesifiek vir die vakgebied taalopvoeding het **nie bestaande modelle streng nagevolg nie**. Een van die hoofredes hiervoor is dat fokus uitsluitlik op die eindgebruiker, naamlik die **voorgaadse onderwysstudent**, val. Die ander belangrike onderskeidende kenmerk is dat dit woordeboek slegs vir **slimfone** geskep word.

Aangesien daar nie algemeen gestandaardiseerde korpussamestellingsprosedures bestaan nie, het Glaznieks et al (2014:6) 'n generiese plan ontwikkel en dit voorgestel as 'n opsie vir die standaardisering van die samestelling van leerderkorpuse. Glaznieks verwys daarna as 'n **abstrake werkvloei-bloudruk**.

Terwyl Glaznieks et al (2014:6) die eindgebruiker vooraf geïdentifiseer en daarna genader het om hulle behoeftes te stipuleer, bepaal die vakkundige in die MobiLex-korpussamestelling die behoeftes van die eindgebruiker.



## Taalopvoedingkorpus vir Mobilex



- Dit was die werkswyse met **die ander vakgebiede** wat reeds in MobiLex beskikbaar is. Ons het vir taalopvoeding ook hierdie werkswyse gevolg, met die **verskil** dat die eindgebruiker nie net die **fokuspunt** was nie, maar ook **betrokke** in die samestelling van die korpus.

Algemene proses in die skep van 'n woordeboek:

leksikograaf → woordeboek → eindgebruiker

Simultaneous feedback-proses

leksikograaf → woordeboek ↔ eindgebruiker

MobiLex - taalopvoeding

Leksikograaf → woordeboek ← eindgebruiker



Die **Universiteit van Kaapstad** het in **2007** begin met die samestelling van **veeltalige konsep-geletterdheidwoordelyste** om studente wie se **huistaal nie Engels** is nie, te ondersteun deur konsepte in hul moedertaal beskikbaar te stel. (Madiba en Nkomo 2011:144) Aangesien daar nie tekste in al die amptelike tale op tersiêre vlak beskikbaar is nie, is slegs **Engelse instruksionele tekste** (lesingsmateriaal) en **gevorderde tekste** gebruik. Dit is aangevul deur insette van **dosente, tutors, vertalers** en **terminoloë** wat almal moedertaalsprekers van SA se amptelike tale uitsluitend Engels was.

Die woordelyste is op **Vula**, die universiteit se aanlynleerplatform beskikbaar gestel. Gebruikers kan ook op die platform **terugvoer** gee. Die terugvoer is van belang omdat die gebruikers en vakspesialiste meewerk om die beste vertaalekwivalent te kies en hoe meer 'n vertaalekwivalent deur die gebruikers aanvaar word, hoe meer sal dit deur ander as amptelik begin gebruik word.



### Verskille en tussen die Vula-woordelyste en MobiLex.

#### **Mobilex**

- Studente is betrokke deur bydraes tydens samestelling
- Insette voordat dit in gebruik geneem word
- Gestruktureerde bydrae
- Verplichtend
- Huis- en tweedetaalsprekers
- Doelgemaak vir slimfoon

#### **Vula-woordelyste**

- Studente is betrokke na samestelling
- Insette nadat woordelyste op aanlynplatform geplaas is
- Kommentaar of voorstelle
- Vrywillig
- tweedetaalsprekers
- Doelgemaak vir rekenaar



## Die werkswyse

---




Om te weet waarvoor 'n korpus gebruik kan word, sowel as vir die interpretasie van korpusgebaseerde bevindings is **kennis van tekste van die korpus** nodig. Dit geld veral die Mobilexkorpus. Aangesien die eindgebruiker en die doel van die korpus baie duidelik vooraf gedefinieer was, het dit die seleksie van tekste **vergemaklik** vir die vakdosente. **Opvoedkunde, die behoefte van voorgraadse studente** en die **spesifieke vakgebied** het grootliks die tekste wat gebruik is, bepaal.

Die ander baie belangrike aspek van MobiLex is die **forum** waarop dit gebruik gaan word. nl. 'n **slimfoon**. Alhoewel MobiLex per definisie 'n woordeboek is, en leksikografiese beginsels nagevolg is, is daar ook 'n aantal **eiesoortighede** waarvan die korpussamestelling sekerlik die meeste aandag verdien juis omdat dit **verskil** van die **toonaangewende modelle**.





In die samestelling van die taalopvoedingkorpus vir MobiLex is die **Glaznieks-benadering gedeeltelik** gevolg. Die **eindgebruiker** is ook die **hooffokus**. Die verskil is dat die eindgebruiker **nie vooraf genader** is oor spesifieke behoeftes nie. Die eindgebruiker het wel **deelgeneem** aan die korpussamestelling sonder dat die aanvanklike opdrag daardie versoek ingesluit het. Soos reeds genoem, was dit 'n klasopdrag. Die doel hiervan was dat die opdrag eerstens 'n assesseringsopdrag vir studente was waaroor my kollega reeds gepraat het, maar ook sodat die **lemma-kanditate** van die studente later vergelyk kon word met die **vakkundiges** se lemmakeuse vir die korpus.





Aangesien die grootste ooreenkoms tussen die twee studentegroepe was, bevestig dit dat die wyse waarop die korpussamestelling vir taalopvoeding tans gedoen word, naamlik om die **eindgebruiker as fokuspunt en medewerker te hê, waardevol is**. Die vakdosent se antipersipering van die studente se leksikografiese behoeftes sal nie so 'n gebruikersgerigte korpus daarstel nie. Dit blyk dat die vakdosent konsepte waaraan studente nie so 'n groot leksikografiese behoefte het nie, wel as belangrik beskou. Die aantal woorde wat deur al twee die studentegroepe gekies is en wat nie deur die vakdosente gekies is nie, is deur die vakdosente nagegaan om dit vir opname in die korpus te keur.



## Terminologie gekies deur twee studentegroepe en die vakdosente



afleiding	doeplet	karikatuur	protagonis	styl
alliterasie	eksplisiet	klimaks	redigering	stylfiguur
anglisme	etimologie	konflik	rym	taalverwerwing
antitese	eufemisme	konteks	samehang	vaktaal
assimilasie	evaluateer	leksikon	satire	vergelyking
assonansie	fonologie	lemma	semantiek	vertelperspektief
attributief	herlees	leksikografie	sintaksis	vuglees
beeldspraak	homoniem	morfologie	sintetiseer	
debat	intonasie	paradoks	soeklees	
denotasie	intrige	paroniem	stemming	
dialek	ironie	pleonasme	studielees	



## Terminologie gekies deur twee studentegroepe maar nie deur die vakdosente nie



anekdote	idioom	linguistiek	<i>taalbeheersing</i>
<b>*assesseer</b>	<u>integrasie</u>	malapropisme	<i>taalgebruik</i>
<b>basisvorm</b>	<b>*interpreteer</b>	<b>metataal</b>	<i>taalgrens</i>
begripstoets	jargon	mondeling	<i>taalkunde</i>
benadering	koherensie	monoloog	<i>taalpuris</i>
determineerder	kommunikasie	neologisme	uitdrukking
digter	<b>*kommunikeer</b>	ontronding	woordeskat
digkuns	<u>kontekstueel</u>	oorroning	
elokusie	lees	pragmatiek	
fonetiek	leesteken	roman	
gesegde	leksikaal	<b>simpleks</b>	
grammatika	leksikograaf	<b>sinsnede</b>	
hiponimie	lettergreep	spreekwoord	
idiolek	letterkunde	<i>taal</i>	



## Die resultate

---



Aangesien die studente betekenisverklarings en 'n voorbeeldsin by elke woord moes verskaf, kon daar afgelei word wat die student se rasionaal agter die opname van die lemma-kandidaat was. Neem as voorbeeld lemmas soos **integrasie**, **konstekstueel**, **lees** en **uitdrukking** wat almal in die algemene taaldomein is. In teenstelling hiermee is daar lemma-kanditate wat onbetwis taalopvoedkundig is, byvoorbeeld **antagonis**, **neologisme**, **rym**, en **taalverwerwing**.

Eersgenoemde groep woorde behoort nie eksklusief tot die taalopvoeding-leksikon nie en is dus oor die hoof gesien deur die vakdosent. By nadere ondersoek blyk dit dat die opname van hierdie woorde juis belangrik is omdat die student beseft die lemma-kanditate behoort tot die algemene taaldomein omdat die betekenisverklarings dit weerspieël, maar dat die woord juis ook 'n vakspesifieke betekenis het. Dit word weerspieël in die voorbeeldsinne. Die moontlikheid bestaan dus dat die gebruiksfere die student oortuig het dat die woord vakspesifiek is, terwyl die betekenis algemeen is.

Vergelyk die volgende voorbeelde:



## Die resultate: studente se voorbeelde

---



**integrasië** s.nw. Handeling, proses van integreer. **In die lesaanbieding vind integrasië plaas deurdat die onderwyser Musiek met Wiskunde integreer.** [Alicia]

**integrasië** s.nw. Handeling, proses van integreer; opneming in 'n geheel. **Integrasië is een van die hoofdoelwitte van die KABV.** [Julie]

**integrasië** s.nw. Die samevoeging van twee of meer dinge. **Die integrasië van twee woordelyste.** [Marzé Smith 19440332]

**kontekstueel** b.nw. Volgens die konteks, die samehang. **Kontekstuele vrae, analise.** [Caylin Kriel - 19464266]

**kontekstueel.** b.nw. volgens konteks/ vrae/analise. **Daar word verwag van die gr. I I-klas om die kontekstuele vrae oor Vaselintjie te beantwoord.** [Marshalline]



## Die resultate

---



- Woorde soos **taal, taalbeheersing, taalgebruik, taalgrens, taalkunde, taalpuris** is deur die vakdosent as deursigtig in betekenis beskou en nie in die lys ingesluit nie. Studente het dit wel ingesluit en op grond daarvan word is dit nou deel van die korpus.
- Aangesien die korpussamestelling vir taalopvoeding nog nie heeltemal afgehandel is nie, is leemtes gelaat deur die vakdosent met uitlaat van woorde soos **basisvorm, metataal, neologisme, simpleks**. Hierdie woorde is ook ingesluit.
- Waardevolle gevolg: Die samewerking het ook 'n **kontrollerende** rol.





## Vakdosent

- KABV
- Le Cordeur, M. 2014. **Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril.** Oxford University Press: Kaapstad
- Van der Walt, C., Evans R., Kilfoil < W.R. 2014 **learn 2 teach.** Van Schaik: Pretoria
- Carstens, W.A.M. **Norme vir Afrikaans.** 2012. Van Schaik: Pretoria
- Cloete, T.T. 1985. **Gids by die Literatuurstudie.** HAUM-Literêr: Pretoria
- Instruksionele tekste – lesingskyfies, aanlynartikels

## Studente

- 75% HAT (nuutste uitgawes)
- 2% KABV
- Instruksionele tekste



Ander vakgebiede in MobiLex volg bestaande modelle

- fokus op die eindgebruiker
- die korpus word deur vakkundiges saamgestel

Taalopvoeding vir MobiLex volg ook bostaande, **maar** die **eindgebruiker** was reeds **betrokke in die samestellingsproses** en kan in die voltooide produk sy/haar bydrae sien in die samestelling van die taalopvoedingkorpus.

Die sukses van die proses

Dit **moedig die gebruik van MobiLex aan**. Aangesien dit 'n produk van **wedersydse samewerking** is, is die gebruiksfrekwensie daarvan tydens lesings hoër. Vakdosente kan slegs verwys na Mobilex en studente sal onmiddellik snap dat hulle dit moet gebruik. Hoe meer so 'n situasie opduik hoe meer sal studente dit ook in ander vakgebiede begin gebruik selfs al verwys die dosent nie spesifiek daarna nie. So help MobiLex om binne die verwysingsraamwerk en leefstyl van die eindgebruiker steeds 'n **woordeboekgebruikkultuur** te skep en dit - saam met al die ander opvoedkundige voordele van woordeboekgebruik – resulteer in vernuwing, wat beslis **aanklank vind by millenniërs**.



---

**Baie dankie**